

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 409

Hoor jy die Paasfeesklokke?
Hul lui van vroegdag af;
hul jubel oor die wêreld:
Die Heer is uit die graf!
Hy, Christus, die oorwinnaar,
is uit die donker uit!
Die Heer, die sleuteldraer,
sal ook my graf ontsluit.

Hoor jy die Paasfeesklokke?
Die Heer voer heerskappy.
Hy heers oor alle dinge,
sy bloed het ons bevry.
Ons sal met Jesus opstaan,
die lewenskroon verkry.
Ons hoor die Paasfeesklokke
wat oor die wêreld lui.

Woorddiens

Tema: "Sien later..."

Skriflesing: Matteus 18:1-10

¹ IN daardie uur het die dissipels na Jesus gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?

² Toe roep Jesus 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan

³ en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!

⁴ Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.

⁵ En elkeen wat een van sulke kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My;

⁶ maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.

⁷ Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom.

⁸ En as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word.

⁹ En as jou oog jou laat struikel, ruk dit uit en werp dit weg van jou af. Dit is vir jou beter om met een oog in die lewe in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word.

¹⁰ Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is.

Broodjies vir die pad

"i am a little church(no great cathedral)
far from the splendor and squalor of hurrying
cities
--i do not worry if briefer days grow
briefest,
i am not sorry when sun and rain make april
my life is the life of the reaper and the
sower;
my prayers are prayers of earth's own
clumsily striving
(finding and losing and laughing and
crying)children
whose any sadness or joy is my grief or my
gladness

around me surges a miracle of unceasing
birth and glory and death and resurrection:
over my sleeping self float flaming symbols
of hope,and i wake to a perfect patience of
mountains

i am a little church(far from the frantic
world with its rapture and anguish)at peace
with nature
--i do not worry if longer nights grow
longest;
i am not sorry when silence becomes singing

winter by spring,i lift my diminutive spire
to
merciful Him Whose only now is forever:
standing erect in the deathless truth of His
presence
(welcoming humbly His light and proudly His
darkness)"
- E.E. Cummings

"It is not easy to convey a sense of wonder,
let alone resurrection wonder, to another. It's
the very nature of wonder to catch us off
guard, to circumvent expectations and
assumptions. Wonder can't be packaged, and it
can't be worked up. It requires some sense of
being there and some sense of engagement."
- Eugene H. Peterson

"But the ultimate reason for our hope is not to
be found at all in what we want, wish for and
wait for; the ultimate reason is that we are
wanted and wished for and waited for. What is
it that awaits us? Does anything await us at
all, or are we alone? Whenever we base our hope
on trust in the divine mystery, we feel deep
down in our hearts: there is someone who is
waiting for you, who is hoping for you, who
believes in you. We are waited for as the
prodigal son in the parable is waited for by
his father. We are accepted and received, as a
mother takes her children into her arms and

comforts them. God is our last hope because we are God's first love."

– Jürgen Moltmann, *The Source of Life: The Holy Spirit and the Theology of Life*

"[Jesus'] resurrection is therefore God's promise of new creation for the whole of the godforsaken reality which the crucified Jesus represents. It is therefore an event of dialectical promise: it opens up a qualitatively new future, which negates all the negatives of present experience. It opens up a future which is not simply drawn out of the immanent possibilities of present reality, but radically contradicts present reality. It promises life for the dead, righteousness for the unrighteous, freedom for those in bondage."
– Richard Bauckham, *Theology of Jürgen Moltmann*



Tannie Flori wys haar slag met kerrievis

Romantha Botha

Hou moed as jy nog nie jou ingelegde kerrievis vir die Paasweek gemaak het nie, want volgens tannie Flori hóéf jy dit nie 'n week voor die tyd te doen nie.

Flori Schrikker (64) van die TV-program *Flori en Koelsoem se Kosse*, oftewel tannie Flori, soos sy bekend staan, het Netwerk24 na haar kombuis genooi om te wys hoe sy haar kerrievis voorberei.

"Vir my bring Paasweek soveel mooi herinneringe van my kinderdae. Vrydae eet ons net vis . . . dit hoef nie noodwendig kerrievis te wees nie, want sommige mense verkies gebakte vis, ander maak weer visfrikkadelle," vertel sy terwyl sy uie skil en in ringe sny.

Sy sê hoewel sy haar kerrievis 'n week voor Paasfees maak en in die yskas laat staan, dit nie juis 'n verskil maak wanneer dit gemaak word nie.

Die bestanddele sluit in uie, 'n 750 ml-bottel bruinasyn en 'n mengsel van speserye, wat gestampte peperkorrels, borrie, masala, suiker en sout insluit.

Sy sê hoewel sy daarvan hou om stokvis te gebruik, verkies haar man snoek. "Geelvis is ook geskik om ingelegde vis mee te maak omdat dit 'n stywe vis is."

Die uie, sowat ses uie per vis, word in 'n bottel asyn en die speserye gekook totdat dit sag is. Daarna word dit uitgehaal en die vis word in die oorblywende sous gekook totdat dit gaar is. Die gaar vis word op 'n bed gekookte uie gelê en met nog 'n laag van die uie bedek. Dit staan dan in die yskas vir minstens 'n dag of langer.

Op die vraag waar die tradisie van ingelegde kerrievis vandaan kom, sê sy sy dink dit is omdat vroue in bruin gemeenskappe iets gesoek het wat 'n mens lank voor die tyd kan voorberei, want volgens tradisie het hulle nie Paasweek voor die kospotte gestaan nie, maar liever tyd saam met hul familie deurgebring.

Sy sien ook geloofsbetekenis in die gereg.

"Bo en behalwe dat die asyn die vis vir dae lank preserveer, is dit 'n metafoor vir Jesus se kruisiging – toe Hy water vra, maar asyn gegee is," sê sy.

Van haar beste herinneringe van Paasweek as kind was Sondae, wanneer die kinders Paaseiers kon eet, en Maandae.

"Ons het altyd Maandae na die strand in Kalkbaai gegaan. My ma het amper die hele kombuis op die lorie gepak en 'n groot pot blougekookte eiers. Ons het ons amper doodgewurg daaraan, maar dit was tradisie," sê sy terwyl sy skaterlag.

<http://www.netwerk24.com/Ontspan/Kos-en-Wyn/kyk-tannie-flori-wys-haar-slag-met-kerrievis-20170412>

Brood vir die pad

Vir gelowige is oerknal soos om God te sien

Wilhelm Jordaan

Wat bedoel mense wat sê geloof is om verwondering oor die moontlikheid van 'n God te hê? Sommige meen dit is om met nuwe oë na alles te kyk asof jy dinge vir die eerste keer raaksien; en om dan in 'n toestand van durende vervoering te leef.

Ander voel dit behels 'n ekstatische belewenis; iets wat net soms gebeur – soos wanneer jy oorweldig word deur verruklike skoonheid.

Nog ander reken verwondering word deur gevoelens van gelyktydige eerbied en ontsag gedra; emosie wat jou in die gemoed "beweeg" soos die Latynse woorde "emotus" en "movere", en die onuitspreekbare Hebreeuse JHWH (Jahwe) te kenne gee.

Ook die eeue oue Christelike kerklied "Hoe groot is U" werk met die beweegkrag van gelyktydige eerbied en ontsag: "O Heer my God, as ek in eerbied wonder / en al U werke elke dag aanskou . . ." Eerbied en ontsag word hier gewek deur 'n meesleurende, byna weemoedige melodie en beeldryke liriek oor die skepping. Dit is wat musiek en poësie soms aan 'n mens doen.

Wat onderskat word, is hoe wetenskap verwondering kan voed; nie as 'n bewys van God se bestaan nie, maar as die feitelike grondslag van 'n uitkringende spiraal van verwondering. Sulke kennis hoef nie 'n streep deur godsdiensverhale te trek nie. Ook nie deur die musiek, kuns, letterkunde en poësie oor die dinge van God nie.

Wetenskap vertel 'n ander verhaal: Dat die kosmos 13,8 miljard jaar gelede 'n beginpunt had, toe tydruimte in die aller kleinste fragment van 'n oomblik dáár was, toe die dag sonder 'n gister gebore is. George Smoot, 'n medewenner van die Nobelprys vir fisika, beskou dié oomblik as die punt van uiterste eenvoud toe "iets" uit "niks" gevorm is.

Oor die oerknal is daar nog talle ongetoetste én ontoetsbare wetenskaplike hipoteses, sê hy. Soos: Wat was die niks waaruit die iets gekom het? Waarom het dinge juis só gebeur en nie anders nie? En voeg dan by: "Vir 'n gelowige is die oerknal soos om God te sien."

Smoot reken jy het dan 'n keuse oor hoe jy die oerknal wil verstaan. Enersyds kan jy sê tydruimte se ontstaan was 'n blote toevaligheid. So ook die byeenbring van die bestanddele van die sterrestof waaruit die mens gekom het. Maar dit alles is tans nog onbewysbaar.

Andersyds, en ewe onbewysbaar, kan jy reken die ganse kosmos word onderlê deur 'n fundamentele spirituele "kode" wat aan alles uit die oerknal se náglod 'n gerigtheid, 'n plek, simmetrie, skoonheid en 'n ontvouende orde gee. En dat 'n mens, gelowig én met verwondering, dié kode "God" kan noem. Só word "God" 'n onbevatlike dog singewende metafoer.

Aanvaar 'n mens dít, vul stories, poësie, musiek, kuns en wetenskap mekaar aan én laat jou toe om met verbeelding te sê die oerknal is "God" se kosmiese liefdeskreet waarmee alles wat is in aansyn geroep is.

Die Burger 12 April 2017



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.